# Op Pad Wees en Onder Leiding Wees

*"Dit gaan goed met die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad."*

Psalm 1:1, 2, 6

Die lewe is 'n op pad wees. Die Bybel teken die mens se lewe as 'n geskiedenis wat by Adam en Eva begin en aanloop totdat Jesus Christus kom en uiteindelik weer kom. In hierdie geskiedenis sien ons die mens op verskillende maniere op pad:

- **Op pad uit** - Eerstens sien ons die mens op pad uit die tuin van Eden, weg van die besondere teenwoordigheid van God af. Die mens se sonde het 'n afstand met God gebring. Ook Abraham is op pad, uit sy geboorteland uit, weg van die sondige omstandighede waaraan die aartsvaders blootgestel was. So is Israel op pad, uit die verknegting in Egipte, weggeroep uit hulle eie innerlike verknegting en gebrek aan verantwoordelikheid. Hulle was nie beeid tot stryd, volharding en opoffering op hulle pad nie.

- **Op pad in** - Tweedens sien ons Israel op pad in die beloofde land in. Die land was 'n simbool of teken dat God die mens tog nie aan sy lot oorlaat nie, al het hy hom teen God se wil verset. God sorg. Hy sluit uit genade 'n verbond met Israel om sy volk te wees. Israel ontvang die land sodat hy God daar kan dien volgens sy gebooie. Ondanks die belangrike rol wat die land in die verbondsbeloftes van God aan Israel gespeel het, het dit net 'n simbool of teken gebly. Die land het verder nie net teruggewys nie, maar ook vorentoe, na die doel en eintlike bestemming waarheen God met Israel beweeg. Hierdie bestemming is dat God na sy volk toe kom. Hy doen dit deur Jesus Christus.

- **Op pad na** - Derdens sien ons die mens dus op pad na die koms van God toe, in en deur Jesus Christus. Met die veranderde omstandighede het die land uiteindelik sy besondere betekenis in die openbaring van God verloor. Dit het uitgedien geraak deurdat die doel van die openbaring bereik is. God se koninkryk is nie 'n nasionale, kulturele of landskoninkryk nie, maar 'n wêreldwye koninkryk. Uiteindelik het daar 'n nuwe Israel en 'n nuwe land gekom. Volgens Jesus se bergrede erf God se volk die hele aarde. Ja, eintlik is hierdie aarde ook nie die eintlike doel nie. Ons is maar vreemdelinge en bywoners hier. Ons eintlike burgerskap draai nie om 'n plek nie, maar om 'n Persoon. Ons burgerskap is daar waar Christus is, aan die regterhand van God. Reeds by die uittog uit Egipte, voordat God sy wet aan Israel gee, maak Hy dit duidelik dat Israel eintlik op pad is na Hom toe eerder as na 'n plek toe. Hy sê in Eksodus 19:4: "Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na *My toe* gebring het."

- **Koninkryksuitsig** - Psalm 1 praat met ons oor die wêreldwye uitsig wat ook meer as wêreldwyd is. Dit is 'n koninkryksuitsig en daarom 'n ewigheidsuitsig. Die jaar 2018 word vir ons onder hierdie uitsig gestel. Daarom kom Psalm 1 ook met 'n oproep om hierdie jaar so te benader, om op pad te wees, op die koninkrykspad wat nie gister geëindig het nie en ook nie vandag stol sodat dit nie meer sinvol is nie. Hierdie pad vra geloof en vertroue. En dit vra veral betrokkenheid, roepingsbewustheid, bereidheid om te dien, selfs as daar nie erkenning daarvoor is nie.

- **Afskeid neem** - Op pad wees veronderstel verandering en dit hou in dat 'n mens van sommige dinge afskeid moet neem. Ons is reeds die afgelope paar jaar in 'n proses van

staatkundige verandering met verreikende gevolge op baie gebiede. Skole, universiteite en ander opleidingsinrigtings is onder groot druk vir veranderings, dikwels onheilspellende veranderings. Mediese dienste kom al meer onder ’n wolk te staan. Bekende dienste wat naby aan ons gestaan het, soos banke, kom al meer onder andersoortige beheer. In die gewone gesinsopset word die kinders groter, verlaat die huis en gaan die wye wêreld in, selfs ver en wyd oorsee na ander lande toe. Ons mense is op pad, selfs op baie paaie.

- **Onder leiding van die Here** - Psalm 1 roep ons op om in 2005 te midde van al die veranderinge op die een ware pad te hou, onder die leiding van die Here, in die lig van sy Woord: “Dit gaan goed met die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink … Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad.” ’n Gelowige moet op sy/haar pad deur die Woord gelei word, op pad wees en betrokke raak by die verloop van dinge. Ons kan 2005 ingaan met vertroue en vrymoedigheid, want God is in beheer van sake, ook al verloop dinge partykeer heeltemal anders as wat ons graag wil hê. God laat sy koninkryk kom. Hoeveel onsekerheid hierdie jaar ook al vir jou inhou, ook onsekerheid in jou persoonlike lewe of familielewe, jy is nie aan jouself oorgelaat nie. Jy is onder leiding. God lei jou in sy trou. Hy het immers ’n verbond met jou. Hy is wys, magtig, genadig en barmhartig.

- **Onder leiding van die Woord** - Jy staan onder leiding van die Woord as jy erns daarmee maak, as jy dit as ’t ware dag en nag oordink, jou lewe daarvolgens inrig. Die Woord is ’n beskermende Woord. Maar die pad van die Woord is nie om jou eie kop te volg nie. So ’n pad is sonder vastigheid, diepte en ware lewenskragtigheid. Dit laat jou in die steek as jy werklik voor die toets van die lewe te staan kom. Die leiding van die Woord weerhou jou daarvan om sinies te word as dit lyk of onreg tog maar uiteindelik die laaste woord het en die lewe dus sinloos is. Die Woord is ’n lewewekkende Woord. As ’n mens intiem met die Woord omgaan dan vind jy uit dit is eintlik die Woord wat *met jou* omgaan, met jou werk. Hy maak jou “soos ’n boom wat by waterstrome geplant is” (vs 3). Jy is dan nie bloot soos ’n boom wat vanself daar is nie. Jy is daar “geplant”, of oorgeplant, ’n planting van God, deur sy Woord. Hy maak jou lewenskragtig en voorspoedig, soos ’n boom wat vrugte dra (vs 4). Hy maak jou ’n regverdige.

- **’n Regverdige wees** - Psalm 1 praat van die pad van die regverdige. ’n Regverdige is nie ’n volmaakte mens nie en is nie trots op homself nie. ’n Regverdige is wel in die Psalms iemand wat teenoor die goddeloses staan en sy lewe deur die wil van die Here laat bepaal. Hy meen egter nie dat hy die wysheid in pag het of dat hy met die Bybel in die hand oor die oplossing van die probleme in die wêreld beskik nie. As jy ’n regverdige is bly jy steeds in die leerskool van die Woord en van die lewe. Dan toets jy jouself en jou optrede voortdurend aan die Woord. Jy is dan nie net met die Woord besig nie, maar jy laat die Woord veral met jou besig wees.

- **Koninkryksdiens vra stryd en volharding** - Dit gaan vir ’n koninkryksmens nie bloot om voorspoed vir jouself te hê nie, maar veral om in koninkryksdiens te wees. Koninkryksdiens vra stryd. Psalm 2 en 3 praat oor die stryd wat koninkryksdiens vir ’n mens bring. Dit vra veral dat jy ’n stryd voer teen jouself, teen jou gebrek aan vertroue, jou gebrek aan blydskap, jou gebrek aan ’n positiewe instelling teenoor die situasie waarin God jou gestel het, jou traagheid om betrokke te wees in die strydperk van die lewe en om jou roeping daar uit te leef. Die Psalms praat baie oor stryd, teleurstelling en veronregting, tog word hulle ingelui deur Psalm 1 met sy positiewe aanslag oor hoe om die lewe aan te pak. Hierdie Psalm kan so positief oor die lewe en die gang van sake wees omdat hy op God gerig is. Hier word verder gekyk as ’n mens se eie belange en voorspoed, verder as eie krag en eie swakheid. Hier gaan dit om in diens van God en sy koninkryk te wees, God wat sorg.

- **Die Here sorg** - God sorg deur die eintlike Regverdige. Hy het vir ons, onregverdiges, gesterf én ook vir ons opgestaan. Deur sy Gees staan Hy ook *in* ons op en maak Hy ons lewenskragtig en bereid om dienswerk in sy koninkryk te verrig. Hy wys vir ons die pad in

ons moeilke situasies. Hy is trouens die pad - die weg en die waarheid en die lewe. Dit is die pad van liefde, genade en trou. As Hy met ons op weg is, dan bewerk Hy ook liefde en trou in ons, liefde en trou wat 'n mens se hele lewe beheers in jou verhouding met God en jou medemens. Dit gee ware vertroue op die pad waarin ons in baie verskillende verhoudings met mense staan, selfs verhoudings waarin ons partykeer teenoor hulle moet standpunt inneem.

Die vraag "Wat gaan 2018 vir ons bied?" word in 'n groot mate beantwoord deur die vraag "Wat gaan ons, in die geloof, van 2018 maak? Gaan ons 2018 in die geloof aanpak?"

Jaap Helberg

© 2018
www.christelikemedia.org